Kurrikulum Direktoraat: AOO			LESPLAN
Vak	**Afrikaans EAT**	**Kwartaal**	**1**
Graad	**4**	**Week**	**1**
Aanbeveling	➢ Voer informele, gestandaardiseerde basislynassessering en -oriëntering gedurende die eerste 3 dae van die kwartaal in Week 1 (Dag 1 tot 3) uit. ➢ Die data kan dan gebruik word om leergapings te identifiseer. ➢ Hierdie inligting kan dan gebruik word om daaropvolgende onderrig- en leeraktiwiteite in te lig.		
Skakel met onderrig–en assesseringsplan	*Luister na en lees die storie aangaande **Juffrou Matilda se nuwe huis**. Beantwoord dan die vrae wat daarna volg.* ***Die volgende taalaspekte word gedek**: Gebruik woordeboeke vir korrekte spelling van woorde. Skep 'n persoonlike woordeboek. Skryf die letters van die alfabet bo-aan bladsye; Skryf 5 woorde en hul betekenisse neer, of teken die woord, gebruik dit in 'n sin of gee 'n verduideliking van die woord; Alfabetiese rangskikking van woorde; Vokale en konsonante*		
Inleiding	***TEMA: 'n Nuwe begin …*** • *Leerders moet aanklank vind by die tema.* • *Leerders moet kan visualiseer wat hulle lees.* • *Leerders moet kan voorspel, afleidings maak en hul eie menings bied aangaande wat gelees is.*		
Konsolidasie	• *Leerders bou luister-, leesbegrip- en skryfvaardighede van 'n storie.* • *Maak 'n punt daarvan om oop vrae (met geen regte of verkeerde antwoorde – dit is slegs die reaksie van die leerder op die vraag wat tel) aan leerders te stel. Sodoende word geleentheid vir leer geskep.* • *Beloon kreatiewe/uit die boks response.*		
Papiergebaseerde bronne: DBO-werkboek Flitskaarte met woordeskat Tekskenmerke Werkkaart met vrae Uitknipstorie Woordeboek		**Digitale bronne:** https://www.youtube.com/watch?v=prKb3lm9o4A https://www.youtube.com/watch?v=vd6F-2EF5sw https://www.youtube.com/watch?v=qkYNaLrk7ec	
	**VAARDIGHEDE** **(WAT ek gaan onderrig / begelei / ondersteun …)**	**ONDERRIGMETODOLOGIEË / BENADERING** **(HOE ek gaan onderrig / begelei / ondersteun …)**	**Hulpbronne / LOOM** **(WAT ek gaan gebruik om te onderrig / begelei / ondersteun …)**

AKTIWITEITE VIR DIE ONDERWYSER	**Luister en Praat**	*Leerders bestudeer die teks. Kyk na die prent en opskrif en sê wat jy daaruit kan aflei. Watter leidrade bied dit ten opsigte van die teks wat nog gelees moet word?* • *'n Reeks voorspellingsvrae word op mondelinge wyse gestel bv.* *a) Wat dink jy sal jy leer van die teks?* *b) Waarom sê jy so? (Watter bewyse het jy?)* *c) Wat dink jy sal die teks eerste vertel?* *d) Wat dink jy sal die teks volgende vertel?* *e) Dink jy die teks is fiksie of nie-fiksie? Gee 'n rede vir jou antwoord?* • *Die storie word daarna voorgelees. (Maak gebruik van eie gedagtes aangaande die teks as daar gelees word. Maak gebruik van gebare en gesigsuitdrukking.) Skakel oor na **engels** om vreemde konsepte te verduidelik, **indien nodig**.* • *Die teks word vir 'n tweede en derde keer voorgelees. Geen oorskakeling na **engels** vind nou plaas nie.* • *Gesels oor / Verduidelik moeilike woordeskat in konteks.* • *Leerders maak kort notas terwyl hulle na die voorlesing*	Werkblad
		luister om die inligting op te som. • *Die leerder reageer daarna op vrae.*	
	Lees en Kyk	• *Skep 'n persoonlike woordeboek. Skryf die letters van die alfabet boaan bladsye.* • *Vluglees (**skim through the passage**):* *Lees die titel en teks vining. Kyk ook noukeurig na die prente.* • *Soeklees (**read more carefully**)* • *Identifiseer en **onderstreep 5 nuwe uitdagende woorde** en skryf dit in jou persoonlike woordeboek. Skryf hul betekenisse neer, of teken die woord.* • *Bespreek weer die woordeskat aangespreek bv. **WYS** na die woord; **DEMONSTREER** die woord met 'n gepaste aksie; bespreek die **BETEKENIS** van die woord en gebruik dit daarna in 'n **SIN** of gee 'n verduideliking van die woord.* • *Leerders formuleer hul eie vraag omtrent die teks en beantwoord vrae.*	Werkblad
	Skryf en Aanbied	***Maak 'n opsomming van die storie:*** • *Skryf sinne oor die storie (byvoorbeeld 'n opsomming of 'n eie slot).* • *Skryf sinne om uitdrukking aan menings of gevoelens oor die storie te gee.* • *Gebruik punktuasie korrek.*	Werkblad

	Taalstrukture en -konvensies	• *<u>Werk met woorde</u>:* *a) Gebruik woordeboeke vir korrekte spelling van woorde.* *b) Skep 'n persoonlike woordeboek: Skryf die letters van die alfabet boaan bladsye.* *c) Skryf 5 woorde en hul betekenisse neer, of teken die woord, gebruik dit in 'n sin of gee 'n verduideliking van die woord.* *d) Alfabetiese rangskikking van woorde* *e) Vokale en konsonante* • *<u>Spelling en punktuasie</u>:* *a) Spelbekende woorde korrek* *b) Skryftekens* • *Woordeskat in konteks (uitgeleseteks)*	Werkblad https://www.youtube.com/watch?v=prKb3lm9o4A https://www.youtube.com/watch?v=vd6F-2EF5sw https://www.youtube.com/watch?v=qkYNaLrk7ec
 AKTIWITEITE VIRDIE OUER	Soos bo aangedui.	*Volg asseblief riglyne soos bo vermeld eksplisiet.*	Bronne: herwonne kartondose geknip om flitskaarte te vorm vir woordeskat, woordeboek, leerder se persoonlike woordeboek
 AKTIWITEITE VIRDIE LEERDER	***Leerderaktiwiteite:*** *a) Bespreek woordeskat.* *b) Interpreteer inligting in 'n storie vir **Luister en Praat.*** *c) Beantwoord 'n reeks mondelinge voorspellingsvrae soos bo aangedui onder **Luister en Praat**.* *d) **Vluglees** nou die teks. Gaan deur die teks met jou wysvinger vir een minuut. <u>Onderstreep</u> woorde wat jy dink belangrik is en wat jou dalk meer leidrade kan gee omtrent die teks.* *e) **Soeklees** – gaan deur die teks met jou oë vir nog 'n minuut en trek 'n sirkel rondom al die woorde wat vir jou nog vreemd of onduidelik mag lyk.* *f) Dink nou op jou eie aan 'n vraag wat jy kan vra aangaande die teks. Herinner leerders aan vraagwoorde en frases, soos byvoorbeeld: **wie**; **wat**; **wanneer**; **waar**; **hoe**; **waarom**; **stem jy saam**; **dink jy**; **maak 'n lys**. Vra ook meer komplekse vrae soos **Hoekom nie? Hoe dink jy?** Hervertel die storie in volgorde en gebruik verbindingswoorde; Verduidelik redes vir handelinge in die storie; Gee 'n persoonlike reaksie op die teks.* *g) Beantwoord vrae en voltooi daarna 'n opsomming aangaande die storie met behulp van 'n raam.*		

Aktiwiteit 1: **Luister en Praat**

1. Luister goed.
2. Die teks word eers hardop voorgelees. (Die leser b*eklemtoon leesbegrip met behulp van sy/haar stem, gebare en gesigsuitdrukking*.)
3. Lees die teks vir 'n tweede keer hardop voor. Deel nou jou gedagtes pertinent met die leerder terwyl jy dit vir 'n tweede keer lees. Assosieer met agtergrondkennis aangaande die onderwerp bv. Het jy al ooit gedut in 'n hangmat? Sou jy daarvan hou? Het jy al iemand sien dut in 'n hangmat? Waar was dit? Kan jy dink aan nog 'n woord vir dut?

Juffrou Matilda se nuwe huis

Juffrou Matilda woon in 'n baie geel huis met 'n pragtige uitsig op die berge. Sy het 'n hond met die naam Klarabel, 'n kat genaamd Karel en twee voëls, Kiepie en Kuifie.
Elke oggend spring juffrou Matilda uit die bed, borsel haar tande, trek aan, sit haar hoed op en eet ontbyt onder die breëblaarboom terwyl sy na die blou berge kyk. Na ontbyt vee sy die paadjie met 'n grasbesem en gee die voëls en diere kos. Daarna gooi sy die blomme en groente in haar tuin nat en geniet 'n ligte middagete op die stoep.

Smiddae dut sy in haar hangmat tussen die twee wiegende palms en eet dan aandete onder die sterre. Soms speel sy op haar viool en sing 'n paar liedjies en dan gaan sy slaap. Dis 'n wonderlike lewe en was dit nie vir een ding nie, sou juffrou Matilda heeltemal gelukkig gewees het. Sy wonder gedurig of sy nie dalk nog gelukkiger sal wees aan die ander kant van die berge nie. En hoe meer sy daarna kyk, hoe meer wonder sy.

Toe, eendag, spring juffrou Matilda uit die bed en sê: "Opstaan, opstaan, almal! Vandag trek ons! Kom ons begin inpak!" Hulle pak al die kiste, mandjies en sakke vol en laai alles op die handkar. Hulle waai totsiens vir die huis en die tuin, die breëblaarboom en die twee wiegende palms, en vat die pad na die blou berge.

"O, ek is so opgewonde!" roep juffrou Matilda uit. "Ek kan skaars wag om anderkant die berge te kom!" Hulle stap en stoot die handkar baie ver, deur landerye, in reën en sonskyn, opdraand en afdraand. Op party plekke is die blomme hoër as juffrou Matilda! Hulle kan amper nie sien waar om te loop nie. "Ons loop verkeerde kant toe," sê Karel, "Is nie," knor Klarabel. Hulle stry aanmekaar en dit maak juffrou Matilda byna gek. "Hou nou op, julle twee," sê sy. "Alles sal reg wees sodra ons anderkant uitkom."

Juffrou Matilda klim in 'n boom, maar kan nog nie sien waar hulle is nie. Moet hulle links of regs? Sy weet glad nie. Verder en verder loop hulle, dae en nagte lank. En hoe verder hulle loop, hoe meer verdwaal hulle. Dit voel later asof hulle nooit iewers gaan uitkom nie

"Ek wil teruggaan na ons mooi ou huis," se Klarabel. "Ek ook," kla Karel. "As julle nie nou ophou neul nie, los ek julle net hier!" sê juffrou Matilda. Juffrou Matilda besluit toe om Kiepie en Kuifie vooruit te stuur. Hulle kan hoog vlieg en die pad soek. Maar Kiepie en Kuifie vergeet sommer maklik waar hulle was. "Hulle is hopeloos!" kla Karel. "Ons kan dae lank hier sit voor hulle ons kry. Ek dink ons loop in sirkels." Maar eindelik kom Kiepie en Kuifie terug, en juig dat die bos weergalm. "Ons is daar! Ons is daar! Kom kyk! 'n Pragtige huis. Kom kyk!"
En daar is dit… "My liewe tyd!"

Bron: 2014 Conquesta: Internasionale Primêre Skool Olimpiades

4. Die volgende gespreksraamwerk gaan jou help om betekenisvol te reflekteer op wat so pas aan jou voorgelees is. Dink eers baie goed na oor die sinne wat jy wil sê voordat jy dit met ons wil deel:

- In hierdie teks …
- Ek kan die volgende assosiasie maak, want …
- Ek dink hierdie teks was …
- Ek dink … sal ook hierdie teks geniet, want …

5. Kleur die prent van Karel die kat en Kiepie en Kuifie in.

6. Hervertel nou die storie met behulp van die volgende sinne. Die sinne moet eers in die regte volgorde rangskik word:

6.1 Sy het ontbyt geëet onder die breëblaarboom.
6.2 Juffrou Matilda was baie gelukking in haar baie geel huis met die pragtige uitsig op die berge.
6.3 Juffrou Matilda, Klarabel die hond, Karel die kat en Kiepie en Kuifie is die karakters in die verhaal.
6.4 Op 'n dag het sy egter besluit om te trek.
6.5 'n Pragtige nuwe huis het op hul gewag.
6.6 Sy het 'n ligte middagete altyd op die stoep geniet en saans het sy aandete gehad onder die sterre.
6.7 Sy was baie opgewonde!

_____

_____

_____

_____

_____

_____

Aktiwiteit 2: **Lees en Kyk**

A. Begripstoets

Die volgende is my eie vraag wat ek opgestel het oor die leesstuk:

_____

_____

Beantwoord nou die volgende vrae deur die regte antwoord te omkring:

1. Juffrou Matilda het saam met _____ troeteldiere die huis gedeel.

   1.1 drie
   1.2 vier
   1.3 vyf
   1.4 twee

2. Wat doen juffrou Matilda eers, alvorens sy haar ontbyt eet?

   2.1 Sy vee die paadjie met 'n grasbesem.
   2.2 Sy dut in haar hangmat.
   2.3 Sy borsel haar tande.
   2.4 Sy gee kos vir die diere.

3. 'n Huis wat baie geel is, is _____.

   3.1 eiergeel
   3.2 goudgeel
   3.3 bronsgeel
   3.4 sonneblomgeel

4. 'n Ander woord (sinoniem) vir 'dut'is _____.

   4.1 speel
   4.2 slaap
   4.3 sing
   4.4 lees

5. Voltooi:
   Juffrou Mathilda het in 'n geel **h**____ _____ _____ gewoon.

6. Wie was eerste om te begin kla toe hulle verdwaal?

   K_____ en **K**_____
   was eerste om te begin kla.

7. Wat wou hulle eerder graag doen?
   Hulle wou teruggaan na hul mooi ou _____, want hul het vir dae en nagte lank in die bos rondgedwaal.

8. Wie het tot hul redding gekom?

   K_____ en **K**_____ het tot hul redding gekom.

9. Juffrou Mathilda het gewonder of daar nie meer geluk duskant die berge lê nie. Dit was ook die enigste rede waarom sy besluit het om te trek. Dink jy dat sy meer geluk gevind het aan die ander kant van die berg? Verskaf een goeie rede vir jou antwoord.

   Ja / Nee, want _____

   _____
   (Maak 'n sirkel om die regteantwoord: Ja / Nee …)

10. Verduidelik in jou eie woorde hoe jy gevoel het oor die storie?

   _____

   _____

Aktiwiteit 3

B. Taal

Onthou:

Julle moet asseblief **vyf** van die woorde wat omkring is in die teks in jul persoonlike woordeboekies aanteken. Maak seker die letters van die alfabet verskyn boaan elk van die bladsye. Skryf woorde en hul betekenisse neer, of teken die woord of gee 'n verduideliking van die woord binne die konteks van die teks.

1. Rangskik die onderstaande woorde in alfabetiese volgorde. Hier is die alfabet om jou te help:

<u>Onthou</u>:

- ☆ Jy moet die alfabet goed ken!
- ☆ Die beginletter van die woord is baie belangrik.
- ☆ As die beginletter van twee woorde dieselfde is, kyk na die **tweede** letters, dan die **derde** letters, totdat die woord voltooi is.
- ☆ Woorde wat met **a** begin, word altyd eerste geplaas, dan kom die woorde wat met **b** begin, ensovoorts.
- ☆ Rangskik volgens die alfabet.

Reël 1: Kyk na die EERSTE LETTER van die woorde:

Bv. flou , flenters , flits , foto , fyn
Almal begin met f.

Reël 2: Kyk na die TWEEDE LETTER van die woorde:

Bv. flou , flenters , flits , foto , fyn
Drie het 'n l. Foto en fyn sal na hulle kom.

Reël 3: Kyk na die DERDE LETTER van die woorde:

Bv. flenters , flits , flou , foto , fyn
Korrekte volgorde: flenters, dan flits dan flou.

1.1 man, mond, mens, myl, muis, miljoen

_____

1.2 Sondag, Maandag, Dinsdag, Woensdag, Donderdag, Vrydag, Saterdag

_____

_____

1.3 somer, herfs, winter, lente, warm, koud

_____

1.4 Karel, Klarabel, Kuifie, kas, Kiepie, kombuis

_____

_____

1.5 blomsteel, blom, bang, berge, bos, breëblaarboom

_____

_____

1.6 blomsteel, blom, bang, berge, bos, breëblaarboom

_____

_____

1. Ken jy die verskil tussen die **a** en die **aa**? Kom ons kyk.

Vul **a** in:

2.1 Kl___r___bel

2.2 k___t

2.3 h___ngm___t

2.4 sl___ ___p

2.5 v___ ___k

2. Bou soveel as moontlik woorde deur die regte vokaal in te vul en teken dan 'n prentjie by elk van die woorde:



1. _____
2. _____
3. _____
4. _____
5. _____
6. _____
7. _____
8. _____
9. _____
10. _____

Aktiwiteit 4: **Skryf en Aanbied**

Voltooi nou die volgende opsomming aangaande die storie met behulp van die woorde in die raam. Skryf netjies. Onthou, 'n opsomming beslaan ongeveer **30-40** woorde:

Woorde wat ek in my opsomming gaan gebruik

besittings blou aangedurf troeteldiere

baie pragtigste ou

(?) (!)

Juffrou Mathilda was_____ gelukkig in haar _____ huis, maar het sy in die versoeking beland toe sy na die _____ berge sit en staar __

Sy het al haar _____ gepak en het met haar vier _____ die pad _____. Hul het sowaar weer op die _____ huis